)
900% Do r1 ’5 LwHMolccq ) fl
19/8/90
Hulette, voordat ek by die verskille tussen my en Niki se dokumentere kom, moet ek net eers vir jou die agtergronds-inligting gee oor hoekom dit so noodsaaklik is dat daar nou indringend na die filmbedryf gekyk word.
Die infrastruktuur van die audiovisuele bedyf staan tans in die brandpunt van veranderderinge op kulturele en maatskaplike gebied wereldwyd, en veral hier. Om jou ’n voorbeeld te gee van hoe vloeibaar die situasie is: In die afgelope twee jaar het one in die plaaslike filmbedryf die implementering van nie minder nie as vyf verskillende subsidiestelsels gesien, sonder om die veranderinge in die belastingstruktuur rakende die filmbedryf gedurende dieselfde periode te tel.
Dit is ’n aanduiding, nie alleen van die vloeibaarheid van die situasie nie, maar 00k van presies waar die probleem 1e: Die verhouding tussen die die publieke sektor en die filmbedryf.
En sedert die vyftigerjare het die filmbedryf genoeg van ’n perspektief op sy kort geskiedenis as kuns- en kommunikasievorm begin kry om twee dinge te besef:
i) Dat die grootste enkele rigtinggewende faktor in die audiovisuele bedryf (want teen daardie tyd het televisie a1 ’n belangrike r01 begin speel), die rol is wat die staat daarin speel, a1 is dit dan "by default", by gebrek aan die daarstelling van ’koherente strukture waarbinne die audiovisuele kan funksioneer.
ii) Dat die oudiovisuele die dominante media van die toekoms gaan wees, ’n toekoms waar die media - kommunikasie, die verspreiding van inligting, idees, tegnieke - die toonaangewende r01 gaan speel.
Dit het die idee van "cultural interventionism" by die publieke sektor laat ontstaan: die konsep dat die belastingbetaler sy hand in sy sak moet steek om seker te maak dat die audiovisuele tot voordeel van die publiek ontwikkel.
Voor die konsep van "Cultural Interventionism" was die staat se rol in die filmbedryf uitsluitlik gesien as tweerlei van aard:

i) kontrole, sensuur, om die publiek te beskerm teen skadelike
Voorbeelde hiervan is die Hays-kommissie in die
twintigerjare in die V.S.A.
idees.
en die McCarthy era later, en die vroee
rol van die British Film Institute in die dertigjare, asook die
streng beheer oor die filmbedryf wereldwyd gedurende die Tweede
Hereldoorlog.
ii) Die aanmoediging van die filmbedryf as industrie. Voorbeelde
daarvan is die instelling van kwotastelsels na die Eerste
Wereldoorlog in Brittanje, Engeland, Frankryk en Duitsland en
direkte subidie-betalings op loket-inkomste 5005 met die Eady-Levy
in Brittanje, baie soos ons huidige subsidiestelsel.
Beide hierdie oogmerke is nog in mindere mate van toepassing in
filmindustriee reg oor die wereld, maar die fokus het verskuif na
die skepping van geleenthede vir die makers van audiovisuele
produkte om ongehinderd ’n bydrae te lewer tot die vloei van
inligting en die kartering en evaluasie van tendense, soos wat in
die ander media en kunste die geval is, juis omdat dit
massamedium is.
’n
Uit die langdradige beskrywing hoop ek om duidelik te maak dat die
infrastruktuur van ons filmbedryf verouderd is (dit is inderdaad
die enigste filmbedryf in die wereld waarvan ek weet wat nog op
hierdie patroon funksioneer).
Wat dit nou so noodsaaklik maak om indringend na ons filmbedryf te
kyk, is doodgewoon omdat die grootste en potensieel mees
betekenisvolle filmindustrie in Afrika besig is om te verdwyn in
stadium van ons land se geskiedenis waar hy juis
te speel het.
verwys het,
’n
’n belangrike r01
Afgesien van uitgediende strukture waarna ek vroeer
kan jy jou voorstel wat die skade is wat deur die
voortdurende beleidsverskuiwings, die "stop en start" effek, aan in
multi-miljoen Rand bedryf gedoen is.
Jy sal miskien dink dat die filmmakers weer net besig is om te
"whine", maar dit is nie die doel van hierdie dokumenter om te kla
oor die foute van die verlede nie. Dit wil kyk na die krisis wat

die filmbedryf nou in die gesig staar en maniere om dit op te 103.
Die filmbedryf staan meer as ooit tevore met sy rug teen
die muur. Die maatskappye wat die filmbedryf van toerusting
.voorsien, byvoorbeeld, hang aan die punte van hulle vingers en dis
nie ’n infrastruktuur wat jy sommer weer opbou as hy eers verlore
is nie. Net so met die tegnici. Baie van ons bes opgeleide mense
het reeds ander werk gekry en jy sien hulle nooit weer nie, a1 kom
die filmbedryf weer reg.

En die rede vir hierdie verwoesting is nie kwaadwilligheid aan
enigiemand se kant nie: Dis suiwer ’n gebrek aan kennis. Dis die
plig van die filmbedryf om die regering in te lig
oor die infrastrukture wat die beste sal wees vir die bedryf (en
dus uiteindelik die kyker) en dis die regering se plig om toe te
sien dat daar nie ’n onproporsionele bedrag geld na die filmbedryf
gaan nie en dat die Suid-Afrikaanse kyker voordeel trek uit die
spandering van sy belastinggeld.

Mens hoef maar net na Gene Louw se toesprake oor die filmbedryf te
kyk om te besef dat hy dit goed bedoel met die bedryf en dis ’n
gulde geleentheid om iemand aan die stuur te he te wat homself op
kulturele gebied bewys het met die oplewing van KRUIK tydens sy
termyn as administrateur.

0m nou terug te keer na die dokumenter: Televisie het homself tot
dusver nog maar baie min gesteur aan die dilemma van sy arm
familielid, waarmee sy lot tog 00k ten nouste verbind is (omdat die
film van vandag onder die regte omstandighede die televisie van
more behoort te wees, beide wat filmproduksies betref en ook die
nuwe terrein wat film moet verken voordat televisie dit in mense se
voorkamers kan inbring). Hierdie simbiose word erken in die
verklaarde beleid van die SAUK wat volgens prof. Viljoen in die
jongste jaarverslag "’n besondere rol in die ondersteuning en
stabilisering van die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf" te speel het.

Die twee dokumentere wat, so ver my kennis strek, wel gedurende die afgelope twee jaar oor die onderwerp van die staat en die filmbedryf uitgesaai is, is gemaak deur nuusmense wat baie min van die onderwerp geweet het. Die feit dat die ondersoek nie op ingeligde en gestruktureerde wyse gedoen is nie (iets wat, met alle respek, 00k in mindere mate met Niki se program die geval is) het die filmbedryf ’n groot onguns gedoen. Dit het die indruk geskep dat daar so ’n choas en dwarstrekkery in die filmbedryf is dat daar nie veel is wat daaraan gedoen kan word nie, behalwe miskien om die belastingbetaler se geld uit die klomp ongeorganiseerde skelms se hande te red.
0m op te som dus, die verskil tussen my en Niki se dokumenter is groot: Niki s’n fokus op die effekte van die onsekerheid in die filmbedryf in die twee-jaar tydperk van "wag en sien", voordat die konkrete besluite, van toepassing op die volgende drie jaar, einde Februarie aangekondig is, terwyl myne wil ondersoek instel na die pad vorentoe, aan die hand van modelle wat reeds in filmindustriee elders bestaan.
Die enigste rede vir die verwarring wat ek kan sien, is die feit dat daar in sommige gevalle ’n oorvleueling is van die persone waarmee onderhoude gevoer gaan word en gevoer is, maar dis nou ongelukkig die verteenwoordigers van die filmbedryf in ons land en hulle opinies tel.
Die rede waarom die program nie kan wag nie, is omdat die Taakgroep, in uitvoering van hulle opdrag deur die publieke sektor, nou beSig is met die formulering van besluite oor die onderwerp. Dis ’n opdrag geheel en a1 apart van hulle vorige verslag, naamlik die daarstelling van nywerheidsgerigde staatsondersteuning: hulle moet nou kyk na "methods of promoting the art and culture of filmmaking, as well as training and the establishment of an infrastructure for the co-ordination and management of the film industry". Dis die eerste keer in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse filmbedryf wat daar aan die aspekte aandag gegee word, en daar is nog nooit ’n program daaroor gemaak nie.